


## *Daggaboer Padstal Spyskaart*

**Welkom by Daggaboer Padstal! Ons hoop jy geniet jou kuiertjie by ons in die Cradock-Karoo!**

**Ons spyskaart is eenvoudig, maar baie smaaklik.**

**As die honger 'n bietjie knaag:**

- ***Roosterkoek:*** 'n Gewilde Oos-Kaap lekkerny wat op die rooster gemaak word. Ons bedien dit met botter, fyn biltong, tuisgemaakte konfyt, gerasperde kaas en ons eie heerlike biltong paté. Al die vulsels word voorgesit en jy gebruik dit na jou eie smaak. **Waarskuwing:** *'n Roosterkoek is nie met n fietspomp opgepomp om dit volume te gee nie en is nogal vullend (veral as jy n vriendlike gas is). As jy 'n moeilike een is, word die prys na willekeur aangepas.* **R25.00**

- ***Tuisgebakte Pasteitjies*** **R27.00**
  ***Ons bak gewoonlik die volgende pasteitjies op n daaglikse basis:***
  - Hoender, Peper Biefstuk (in gewone Afrikaans beteken dit eintlik "Pepper Steak") & Bobotie
  - *Pasteitjies word bedien met ons ingemaakte slaaie en blatjang*

- **Quiches:** **R30.00**
  - Spek-en-Kaas **OF** Spinasie-en-Feta *(Dis nou eintlik n heerlike, watertanderige, bleddie lekker souterige ding waarvan jy waarskynlik meer as een gaan bestel)*

- ***Heerlike DIK Plaassop (Met Roosterkoek* R35.00 */ Sonder Roosterkoek* R25.00*) OF Kerrie & Rys (*R35.00*)*** ***in die wintermaande****:* *Mes, vurk en lepel word voorsien*

- ***Vir die Soettand:* *Isobel & Dolly se heerlike –*** **R23.00**
  - **Kaaskoek, Melktert of Suurlemoen Skuimtert *(meer algemeen bekend as Lemon Merinque)*** – *Ons spog nou, maar dis wraggies BAIE lekker!*

- ***Om die dors te les:***
  - **Moerkoffie** – En nee, ons bedien nie Cappuccino nie - het nog nie eers daarvan gehoor nie! **R12.00**
  - **Tee** (Ingelse Ceylon of Rooibos) **R12.00**
  - **Gemmerbier** – Sonder skop! (R300 vir vyfjaar welbelee – tans uit voorraad, maar probeer weer oor vyf jaar) **R11.00**
  - **Lemonade** – Tuisgemaak, vars en verfrissend **R10.00**
  - **Warem Sjokolade** **R16.00**
  - **Stadskoeldranke** - Dis nou goed soos Coke, Fanta en Sprite en het eers onlangs in die kontrei bekend geraak. **R11.00**

***Nota 1:*** Ons tee en koffie is bodemloos, maar nie meer as 4 persone per koppie nie en ons vra ekstra as jul strooitjies wil gebruik!
***Nota 2***: Baie van die idees vir hierdie padstal kom van ons kuiergaste en ons verwelkom dit! Vertel ons asseblief wanneer ons 'n *floppie* maak sodat ons dit kan regstel. ***Ten laaste***: Tensy Moeder Natuur jou dwing, weet ons dat niemand by n padstal hoef te stop nie. Ons waardeer jou besoek hier by ons en wens jou en joune 'n voorspoedige reis en veilige aankoms by jou bestemming toe!!

*Charlpan@telkomsa.net 082 568 6174* *©Daggaboer Padstal* *082 651 8627 isoneeth@telkomsa.net*